

<b>FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700</b> Seminaar RS 8 – Voorgestelde antwoorde <i>PH Ferreira</i>	<b>DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP</b>
---	---

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP KLASVOORBEELD A**
**Deel a**

	<b>R</b>
Verkope [B2]	492 500
Koste van verkope [B3]	(371 400)

**Deel b**
**AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X1**

<b>3. Wins voor belasting</b>	<b>20X1</b>
	<b>R</b>
Ingesluit by wins voor belasting is die volgende:	
- Voorraadafskrywing [B3]	8 000
<b>4. Voorraad</b>	<b>20X1</b>
	<b>R</b>
Grondstof (1 000 x 2,5)	2 500
Klaarprodukte [B4]	196 000
	<u>198 500</u>

**BEREKENINGE**
**B1. Eenhede vervaardig in 20X1**

	<b>Kg</b>
Grondstof beginvoorraad	10 000
Grondstof aankope	100 000
Grondstof eindvoorraad	(1 000)
Toegevoeg tot produksieproses	<u>109 000</u>
Eenhede vervaardig (109 000 kg/2 kg)	54 500

**B2. Verkope**

	<b>R</b>
20 Desember – 31 Desember: 5 000 x 10	50 000
1 Januarie – 19 Desember: (54 500 [B1] – 5 000 – 20 000) x 15	442 500
	<u>492 500</u>

**B3. Koste van verkope**

	<b>R</b>
Beginvoorraad grondstof (10 000 x 2)	20 000
Grondstof aankope (100 000 x 2,5)	250 000
Grondstof eindvoorraad (1 000 x 2,5)	(2 500)
	<u>267 500</u>
Arbeidskoste (54 500 [B1] x 0,5 uur x 4,4)	119 900
Bokoste	180 000
Verhaal [(180 000/60 000 = 3) 54 500 x 3]	163 500
Onverhaalde bokoste afgeskryf	16 500
	<u>567 400</u>
Klaarprodukte eindvoorraad [B4]	(196 000)
Voorraad (10,2 x 20 000)	204 000
Afskrywing	(8 000)
	<u>371 400</u>
OF	
Koste van eerste 5 000 eenhede [(10,2 [B4] – ,50 x 2) x 5 000]	46 000
Koste van volgende 29 500 eenhede	
[10,2 [B4] x (54 500 [B1] – 20 000 – 5 000)]	300 900
Onderverhaalde bokoste [(60 000 – 54 500 [B1]) x 3]	16 500
Voorraadafskrywing [(10,2 [B4] – 9,8 [B4]) x 20 000]	8 000
	<u>371 400</u>

**B4. Klaarprodukte eindvoorraad**

	<b>R</b>
<b>Kosprys</b>	
Grondstofkoste per eenheid (2 x 2,5)	5,0
Arbeidskoste per eenheid (4,4/2)	2,2
Bokoste per eenheid (180 000/60 000)	3,0
	<u>10,2</u>
Dus kosprys (10,2 x 20 000)	204 000
<b>Netto realiseerbare waarde</b>	
Verkoopprys	10,0
Verkoopskoste (10 x 2%)	(0,2)
	<u>9,8</u>
Dus netto realiseerbare waarde (9,8 x 20 000)	<u>196 000</u>

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 1**

1. Bewys dat voorraad aan die definisie van 'n bate voldoen: (Die Konsepsuele Raamwerk par.4.4(a))  
Hulpbron – die verkoopbare item/verbruiksvoorraad;  
Beheer – die entiteit kan na goeiddunke met die voorraad handel;  
Gebeure in verlede – aankoop van voorraad;  
Toekomstige ekonomiese voordeel – verkoopsopbrengs/inkomste uit dienste.
  
2. Indien die netto realiseerbare waarde laer is as die kosprys, beteken dit dat die toekomstige ekonomiese voordele minder is as die drabedrag van die bate. Daar ontstaan dus 'n uitgawe in die opsig dat 'n afname in ekonomiese voordele in die vorm van 'n afname in 'n bate (daling in waarde) plaasgevind het, wat gelei het tot 'n afname in ekwiteit. Hierdie afname in ekwiteit is nie die gevolg van uitkerings aan ekwiteitsdeelnemers nie (Die Konsepsuele Raamwerk par. 25(b), Die Konsepsuele Raamwerk par. 34).  
  
Die afskrywing verteenwoordig ook die toepassing van die getroue weergawe eienskap, sodat bates nie te hoog en uitgawes nie te laag aangetoon word nie. (Die Konsepsuele Raamwerk QC12)
  
3. Bewys dat koste van verkope voldoen aan die definisie van 'n uitgawe: (Die Konsepsuele Raamwerk par. 25(b))  
  
Afname in ekonomiese voordele weens uitvloei van 'n bate – voorraad ('n bate) vloei uit die entiteit, met 'n gevolglike afname in ekonomiese voordele. Hierdie afname in ekonomiese voordele lei tot 'n afname in ekwiteit (ekwiteit = bates min laste).

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 2****1. SONPYN**

*Hantering:* Die voorraad van Sonpyn moet waardeer word teen 'n koste van R382 000 en dit word soos volg bereken:

	<b>R</b>
Grondstowwe @ kosprys	200 000
Onder direkte koste	144 000
Gedeelte van fabrieksbokoste	38 000
	382 000

Hierdie bedrag word in die staat van finansiële posisie onder die opskrif "Voorraad: Klaarprodukte" ingevoeg. 'n Beleidsaantekening verduidelik hoe die voorraad waardeer is.

*Rede:* IAS 2 vereis dat voorraad teen die laagste van kosprys en netto realiseerbare waarde van individuele items of groepe soortgelyke items getoon word. Kostes word gedefinieer as die uitgawes wat aangegaan is om die produk tot die huidige plek (ligging) en toestand te bring. Dit sluit dus direkte kostes en 'n toepaslike toedeling van produksiebokoste in, maar sluit verkoops- en administratiewe bokoste uit.

Aangesien Sonskyn 'n gevestigde verkoopsproduk met redelik winsmarge is, is die netto realiseerbare waarde hoër as kosprys. Gevolglik word voorraad teen kosprys gewaardeer.

**2. SEERSTIL**

*Hantering:* Hierdie voorraad moet teen netto realiseerbare waarde, volgens die bedrae hieronder bereken, te wete R346 000 getoon word. Dit is beduidend minder as die kosprys van R647 000. Die bedrag van R346 000 word in die staat van finansiële posisie onder die opskrif "Voorraad: Klaarprodukte" getoon. Die afskrywing van voorraad moet geopenbaar word ingevolge IAS 2.36(e).

*Rede:* Soos verduidelik in (1) hierbo, sluit kosprys ingevolge IAS 2, nie 'n gedeelte van verkoopskoste in nie, maar moet wel die volgende insluit:

	<b>R</b>
Grondstowwe @ kosprys	340 000
Ander direkte koste	260 000
Gedeelte van fabriekskoste	47 000
	647 000

In hierdie geval is netto realiseerbare waarde relevant. Indien aanvaar word dat elke 100g pak teen dieselfde prys as die van die mededinger se produk verkoop word, word die netto realiseerbare waarde soos volg bereken:

	R	R
Verkoopsopbrengs		
<u>1 300 000 = 13 000 @ R35</u>		455 000
100		
Toekomstige koste:		
Verpakking	20 000	
Verdere advertensiekoste	30 000	
Gedeelte van toekomstige verkoopskoste	59 000	(109 000)
		<u>346 000</u>

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 3

#### 1. Rekeningkundige beleid

Voorraad word teen die laagste van kosprys en netto realiseerbare waarde waardeer. Voorraad word volgens die EIEU-kosteformule waardeer.

#### 2. Kosprys per ton

	R
Leweransiersprys	150
Doeane	10
Vervoer	20
Veranderlike koste	25
Vaste koste	20 (R30 000 ÷ 1 500)*
	<u>225</u> per ton

\* IAS 2.13 bepaal dat vaste produksiedrakoste op grond van normale kapasiteit in plaas van werklike kapasiteit toegedeel word.

#### Netto realiseerbare waarde per ton:

	R
Verkoopprys	240,00
Verkoopskoste	(3,00) R3 000 ÷ 1 000 t
Afleweringkoste	(7,50)
	<u>229,50</u>

Toon teen laagste van twee waardes = R225 x 2 000 ton  
= R450 000

#### 3. Grondstowwe

	Kosprys	Netto realis. waarde
	R	R
Leweransiersprys	150	<u>160</u>
Doeane	10	
Vervoer	20	
	<u>180</u>	

Alhoewel die netto realiseerbare waarde laer is, bepaal IAS 2.32 dat die kosprys steeds vir die waardasie van grondstowwe gebruik moet word, mits die klaarproduk waarin dit opgeneem sal word na verwagting teen historiese koste of meer van die hand gesit sal word. Volgens die vraag se gegewens is dit die geval.

Grondstofwaarde = R180 x 5 000 ton = R900 000.

4. Grondstowwe word nie benede kosprys afgeskryf nie indien die klaarproduk waarin hul opgeneem word, na verwagting verkoop sal word teen 'n bedrag wat die kosprys (van die klaarproduk) te bowe gaan.

Indien die verkoopsprys van die klaarproduk egter sou daal na R230, sal die netto realiseerbare waarde van die klaarproduk R219,50 (230-3-7,50) wees. Dit is laer as die kosprys van R225 per ton.

Dit mag daartoe aanleiding gee dat die grondstowwe wat daarin opgeneem word, afgeskryf moet word na netto realiseerbare waarde.

Netto realiseerbare waarde word omskryf as die geraamde verkoopsprys minus koste van voltooiing en kostes benodig om die verkoop af te handel.

Ten einde die netto realiseerbare waarde van die grondstof te bereken, word die verkoopsprys van die klaarproduk verminder met die koste wat nodig is om die verkoop af te handel asook die koste wat aangegaan is om die grondstowwe te omskep in klaarprodukte:

	<b>R</b>
Verkoopsprys	230,00
Verkoopskoste	(3,00)
Afleweringkoste	(7,50)
Veranderlike produksiekoste	(25,00)
Vaste produksiekoste	(20,00)
<b>Netto realiseerbare waarde</b>	<b><u>174,50</u></b>

Aangesien die totale koste van grondstof R180 (150+10+20) beloop, terwyl die netto realiseerbare waarde R174,50 beloop, word 'n afskrywing van R5,50 per ton benodig.

#### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 4

1) VOORRAADWAARDES	<b>R</b>	
<b>1. Grondstof</b>		
Faktuurkoste (\$1 000 000 x R3,60)		3 600 000
Kaaigeld		22 500
Vraggeld		15 000
Klaringsdienste		1 500
Doeanebelasting		150 000
<b>Totaal: 100 000 kg</b>		<b><u>3 789 000</u></b>
Eindvoorraad (30 000 @ R37,89)		1 136 700
<b>2. Klaarprodukte</b>	<b>Cattex</b>	<b>Fumex</b>
	<b>R</b>	<b>R</b>
Grondstof		
(26 000 ÷ 0,9* x 37,89)	1 094 600	
(18 000 ÷ 0,9 x 2 x 37,89)		1 515 600
Direkte arbeid		
(152 000 + 24 000 - 6 000) x 8	1 360 000	
(164 000 + 20 000) x 8		1 472 000
Direkte fabrieksbokoste	160 000	170 000
Vaste fabrieksbokoste		
(1 120 000/(8 x 22 000) x		
(152 000 + 24 000 - 6 000)	1 081 818	
(1 200 000/(164 000 + 20 000)		
x 184 000		1 200 000
<b>Totale vervaardigingskoste</b>	<b><u>3 696 418</u></b>	<b><u>4 357 600</u></b>
Per produk (3 696 418/26 000);	142,17	
(4 357 600/18 000)		<b><u>242,09</u></b>

\* Die grondstofinsette word geneem as:  $26\ 000 \div 0,9 = 28\ 889$ . Dié getal kan ook soos volg gerekonsilieer word:

Totale insette volgens vraag	30 000 kg
Normale verspilling van 10%	3 000 kg
Abnormale verspilling	1 000 kg
Hierdie 3 000 kg moet soos volg toegedeel word tussen die "goeie" en "abnormale" produkte in die verhouding 26 000:1 000.	
26 000 + (26/27 x 3 000)	28 889
1 000 + (1/27 x 3 000)	1 111
<b>Totale kg verbruik</b>	<b><u>30 000</u></b>

*Kosprys van eindvoorraad*

(0,25 x 26 000 x 142,17)	924 105	
(0,25 x 18 000 x 242,09)		1 089 405

*Netto realiseerbare waarde*

Verkoopprijs	150,00	300,00
Koste om te verkoop:		
Afleveringskoste	(2,00)	(2,00)
Verkoopkommissie	(7,50)	(15,00)
	<u>140,50</u>	<u>283,00</u>

*Staat van finansiële posisie se bedrae*

Cattex: (0,25 x 26 000 x 140,50)	913 250
Fumex: (0,25 x 18 000 x 242,09)	<u>1 089 405</u>
	<u>2 002 655</u>

**2) VERSLAG****Briefhoof**

Datum

Die Finansiële Bestuurder  
Topline Beperk  
Adres

Geagte heer

**WAARDASIE VAN EINDVOORRAAD**

Ouditprosedures het aan die lig gebring dat grondstof- en klaarprodukte-voorraad oorwaardeer is.

**Grondstofvoorraad**

IAS 2 bepaal dat voorraad teen die laagste van kosprys en netto realiseerbare waarde waardeer moet word.

Koste bestaan o.a. uit die kosprys, invoerbelasting, ander belasting buiten dié wat van die owerheid verhaal kan word, vervoerkoste, hanteringskoste en ander koste wat direk aan die verkryging daarvan toegeskryf kan word.

U waardasie voldoen in die onderstaande gevalle nie aan die vereistes van International Financial Reporting Standards nie:

Die faktuurkoste behoort ingevolge IAS 21 omgeskakel te word teen die sigkoers op transaksiedatum. Die transaksie vind plaas op die stadium waarop die risiko's en vergoeding verbonde aan eienaarskap aan die koper oorgaan. Dit is die datum waarop die voorraad vry aan boord uit die VSA verskeep word.

Die wisselkoersverskil kan nie by die kosprys van voorraad ingesluit word nie.

Die BTW behoort nie by die kosprys van grondstofvoorraad ingesluit te word nie, aangesien dit as insetbelasting van die Ontvanger van Inkomste verhaalbaar is.

**Klaarprodukte**

IAS 2 bepaal dat abnormale bedrae van verkwiste grondstowwe nie by die kosprys van voorraad ingesluit moet word nie. In Cattex se geval behoort slegs (26 000 ÷ 0,90) 28 889 kg se grondstof gebruik te word om 26 000 klaarprodukte te vervaardig.

Arbeidskoste verbonde aan abnormale ledige tye behoort eweneens nie aan die kosprys van voorraad toegedeel te word nie. Die arbeidskoste verbonde aan die ledige tyd tydens die staking, behoort dus nie aan die koste van Cattex toegeskryf te word nie.

Vaste produksieboekoste moet toegedeel word aan die koste van voorraad op die basis van normale kapasiteit. Vaste produksieboekoste is egter oorverhaal as gevolg van die 6 000 abnormale ledige ure wat by arbeidsure ingesluit is. Hierdie vaste produksieboekoste behoort nie deel van die kosprys van Cattex te vorm nie.

Die kosprys van elke produk moet op jaareinde met die produk se netto realiseerbare waarde vergelyk word. Indien die kosprys meer as die netto realiseerbare waarde is, moet die produk na die netto realiseerbare waarde afgeskryf word. Dit is die situasie met Cattex, waar die netto realiseerbare waarde slegs R140,50 per eenheid beloop.

### 3) VOORRAAD IN DIE FINANSIËLE STATE

Inkomste	x xxx xxx
Bedrag van voorraad as uitgawe erken (1)	<u>(6 179 651)</u>
Bruto wins	<u>xxx xxx</u>
(1) <i>Klaarprodukte</i>	
<i>[(3 696 418 + 4 357 600) x 75%]</i>	<i>6 040 514</i>
<i>Abnormale grondstof</i>	
<i>[(30 000 - 26 000/0,9) x 37,89]</i>	<i>42 100</i>
<i>Abnormale arbeid (6 000 x 8)</i>	<i>48 000</i>
<i>Ontoegedeelde produksieboekoste</i>	
<i>(1 120 000 - 1 081 818)</i>	<i>38 182</i>
<i>Afskrywing na netto realiseerbare waarde</i>	
<i>(924 105 - 913 250)</i>	<i>10 855</i>
	<u><u>6 179 651</u></u>
<b>2. Wins voor belasting</b>	<b>R</b>
Ingesluit by wins voor belasting is die volgende:	
Afskryf van voorraad na netto realiseerbare waarde	10 855
<b>3. Voorraad</b>	<b>R</b>
Grondstof	1 136 700
Klaarprodukte	<u>2 002 655</u>
	<u><u>3 139 355</u></u>

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 5

Die historiese koste van voorraad bestaan uit alle aankoopkoste, verwerkingskoste en ander koste wat aangegaan word om die voorraad tot die huidige ligging en toestand te bring (IAS 2.10). Die kostes sluit onder andere alle vaste en veranderlike produksieboekoste in (IAS 2.12).

Produksieboekoste is koste (behalwe vir regstreekse materiaal en arbeid) wat vir produksiedoeleindes aangegaan word.

Huurfinansieringskoste: finansieringskoste behoort nie deel van produksieboekoste te vorm nie. Die waardevermindering op die gekapitaliseerde bates vorm egter wel deel van produksiedrakoste.

Werwingskoste vir personeel, advertensies en navorsingskoste: die kostes hou nie direk met die bring van die voorraad tot die huidige ligging en toestand verband nie en derhalwe vorm dit nie deel van produksiedrakoste nie.

Fabriekadministrasiekoste vorm deel van produksiedrakoste (IAS 2.12).

By die toedeling van produksiedrakoste, behoort die koste aan die normale kapasiteit van die produksie-aanleg gekoppel te word en nie aan die maandelikse produksievolume nie (IAS 2.13). Normale kapasiteit is die normale produksievolume wat oor die verloop van 'n aantal tydperke verwag word.

Bostaande hantering verseker 'n eweredige verdeling van bokoste na voorraad en verhoed dat ledige tyd of oneffektiewe benutting van die produksie-aanleg in voorraad gekapitaliseer word.

## VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 6

## DEEL A

**PRETORIA-TAK**  
**STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE**  
**MAAND GEËINDIG 31 MAART**

	EIEU	GG
Verkope (700 x 100)	70,000	70,000
Koste van verkope	(28,000)	(34,532)
Beginvoorraad	-	-
Aankope (ber. 1)	177,500	177,500
Eindvoorraad (ber. 2.3)	(149,500)	(142,968)
Bruto wins	42,000	35,468

Die bestuurder van die Pretoria-tak sal dus die EIEU-grondslag verkies, aangesien dit aan hom 'n hoër kommissie sal besorg.

- $1\ 000 \times 40 + 500 \times 55 + 2\ 000 \times 55 = 177,500$
- $300 \times 40 + 500 \times 55 + 2\ 000 \times 55 = 149,500$
- $(1\ 000 \times 40 + 500 \times 55) = 67,500$   
 $67\ 500 / 1\ 500 = 45$   
 $(67\ 500 - 200 \times 45 + 2\ 000 \times 55) / (1\ 500 - 200 + 2\ 000) = 51,06$   
 $(1\ 500 - 200 + 2\ 000 - 500) \times 51,06 = 142,968$

**KAAPSTAD-TAK**  
**STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE**  
**MAAND GEËINDIG 31 MAART**

	EIEU	GG
Verkope (700 x 100)	70,000	70,000
Koste van verkope	(28,000)	(26,952)
Beginvoorraad	-	-
Aankope (ber. 1)	127,500	127,500
Eindvoorraad (ber. 2.3)	(99,500)	(100,548)
Bruto wins	42,000	43,048

Die bestuurder van die Kaapstad-tak sal dus die geweeegde-gemiddelde-metode verkies, aangesien dit aan hom 'n hoër kommissie sal besorg.

- $1\ 000 \times 40 + 500 \times 55 + 2\ 000 \times 30 = 127,500$
- $300 \times 40 + 500 \times 55 + 2\ 000 \times 30 = 99,500$
- $1\ 000 \times 40 + 500 \times 55 = 67,500$   
 $67\ 500 / 1\ 500 = 45$   
 $(67\ 500 - 200 \times 45 + 2\ 000 \times 30) / (1\ 500 - 200 + 2\ 000) = 35,91$   
 $(1\ 500 - 200 + 2\ 000 - 500) \times 35,91 = 100,548$

## DEEL B

IAS 2.25 vermeld dat die koste van voorraad bepaal moet word deur die eerste-in-eerste-uit-formule of die geweeegde-gemiddelde-koste-formule toe te pas.

Die kwessie wat ter sprake is, is of die twee takke hulle voorraad volgens verskillende koste-formules kan meet.

Die meting en aanbidding van **gelyksoortige transaksies** en ander gebeurtenisse moet op 'n konsekwente wyse **dwarsdeur die entiteit** en oor 'n tydperk geskied (Die Konsepsuele Raamwerk QC20).

'n Entiteit behoort dieselfde kosteformule vir alle voorraaditems met dieselfde aard en nut vir die entiteit te gebruik (IAS 2.25).

Aangesien die koffie vir dieselfde doel gebruik word, moet dit dus deur beide takke volgens dieselfde kosteformule waardeer word.

'n Verskil in geografiese ligging van voorraad is, op sigself, nie voldoende om die gebruik van verskillende kosteformules te regverdig nie. Gevolglik moet beide die koffiewinkels dieselfde kosteformule gebruik.

Bestuur sal met die onderskeie winkelbestuurders moet beraadslaag oor watter formule as standaard deur die maatskappy gebruik gaan word.